

BOEKBESPREKING

deur

PROF. DR. A. D. PONT

DR. Herman Ridderbos, **Paulus. Ontwerp van Zijn Theologie**,
Uitg. J. H. Kok, N.V., Kampen 1966. 653 bls. Prys f1. 39.50
dit is ongeveer R8.00 (in Nederland).

In hierdie groots opgesette werk op die vakgebied van die Bybelse teologie het prof. Ridderbos, wat deur sy geskifte in Suid-Afrika geen onbekende is nie, 'n volledige uiteensetting gegee van die teologie en die teologiese gedagtes van die apostel Paulus. Dit is dan ook reeds 'n werk wat vanweë die behandelde stof onmiddellik die aandag vra en dit ook verdien. Daarby kom die oorweging dat prof. Ridderbos nié een van die moderne, vry-sinnige teoloë is wat deesdae die mark oorstroom met hulle afbraak teologie nie.

Die werk is verdeel in twaalf hoofafdelings wat begin by : Hoofdljnen in de Geschiedenis van het Onderzoek en Grondstructuren en daarna voortgaan om die Pauliniese gedagtes in bepaalde onderwerpe saam te vat nie. Het Leven in de Zonde; De Openbaring van de Gerechtigheid Gods; De Verzoening; Het Nieuwe Leven; De Nieuwe Gehoorzaamheid; De Kerk als het Volk; De Kerk als Lichaam van Christus; Doop en Avondmaal; De Opbouw der Gemeente; De Toekomst des Heren. Die werk word afgesluit met 'n handige sakeregister, teksregister en register van skrywers.

Op 'n rustige wyse met inagneming en verdiskontering van die nuwere publikasies word die uiteensettings gegee. Die styl is so dat dit maklik lees en voortdurend prikkel om verder te lees. Die skrywer laat hom nié verlei om op allerlei „moderne” dwaalspore te wandel nie. Inteendeel, die verrassende is juis dat die skrywer die „ou waarhede” handhaaf, motiveer en uiteensit soms téén die opvattinge van die moderne, vry-sinnige teoloë.

Hierdie werk wat nie geëwenaar word deur 'n ander werk oor dieselfde onderwerp nie, sal van besondere waarde wees nie net vir studente en vak-Nutestamentici nie, maar sal ook in die pastorieë van ons Kerk uitstekende werk kan verrig. Daarom wil ek graag hierdie studie, wat wel 'n standaardwerk genoem mag word, aanbeveel.

Drs. N. K. van den Akker, **Beknopte Geschiedenis van het Christendom**, naar het gelyknamig werk van dr. E. L. Smit, met een inleiding van prof. dr. W. C. van Unnik. Agtste druk. Uitg. J. N. Voorhoeve, Den Haag. 356 bls. Prys word nie vermeld nie.

Hiermee het die agtste druk verskyn van die beknopte kerkgeskiedenis wat indertyd deur dr. E. L. Smit geskrywe is en daarna deur drs. N. K. van den Akker verwerk en uitgebrei is. Hierdie werk wat veral bedoel is vir die gebruik op die hoërskole in Nederland, is in Suid-Afrika darem nie heeltemal onbekend nie.

Die werk word in twee hoofde verdeel t.w. Het Christendom in Oudheid en Middeleeuwen, wat uit vyf hoofstukke bestaan en Het Christendom in de Nieuwe Tijd, van de Hervorming af tot Heden, wat ook uit vyf hoofstukke bestaan. 'n Aantal registers verhoog die bruikbaarheid van die werk terwyl die teks deurlopend met illustrasies versier is.

Soos dit te verwagte is, kry mens hier 'n oorsigtelike beskrywing van die Kerkgeskiedenis wat helder en duidelik is en maklik lees. Dit is egter teen die beskrywing van die geskiedenis van die jongste tyd, waarteen die meeste beswaar gemaak word. Soos dan te verwagte was, word hier 'n aantal ongevraagde en misplaaste opmerkings oor *apartheid* gemaak as oor Suid-Afrika ook iets gesê word. Dit is duidelik uit die opmerking op bladsy 318 dat die skrywer geen duidelike beeld het van wat die Owerheidsbeleid in Suid-Afrika ten opsigte van die nie-blanke is nie. Maar ja, mens moet seker maar daarmee verlief neem dat dit nou eenmaal mode in die wêreldwye kerk is om alles wat Afrikaans is en uit die Afrikaanse kerke voorkom en wat nié strook met die sogenaamde „wêreldmening” nie, uit te skel en sleg te maak — sonder dat daar natuurlik geluister word na wat die Afrikaanse kerke of die Suid-Afrikaanse Owerheid te sê het!

Die naïwiteit van die skrywer spreek ook wanneer hy spesifiek oor die Wêreldraad van Kerke en byvoorbeeld die Kerke agter die Ystergordyn skrywe. Dit wil voorkom dat in só 'n geesteklimaat die toekenning van die „Leninprys vir Vrede” aan dr. Martin Niemöller, één van die presidente van die Wêreldraad van Kerke, alleen maar toegejuig sal word en beskou sal word as 'n hoë eer wat aan die Wêreldraad betuig is deur die Kommunistiese maghebbers van Rusland!

So sou daar meer opmerkings gemaak kan word om aan te toon dat ons hier te make het met 'n kerkgeskiedenis wat

sterk tydsgebonde is, gladnie objektief nie en in sommige opsigte selfs 'n propagandaskrif is vir die gees van hierdie eeu. So sou byvoorbeeld die opmerking oor **kolonialisme** op bls. 254 netso goed teruggevind kan word in 'n sosialistiese handboek waar die Weste uitgekryt moet word . . . dit verwag mens eintlik nie in 'n kerkgeskiedenisboekie nie. Insgelyks word op bls. 254 Livingstone aangedui as 'n „groot” sendeling, maar dit sou miskien die prentjie effens duideliker gemaak het as óók vermeld was dat Livingstone, met goeie reg, in Suid-Afrika ook waardeer word as 'n wapensmökkelaar van geen geringe formaat nie.

Tog is die boekie wel interessant.

J. Bakker, **John Smyth. De stichter van het Baptisme.** Uitg. H. Veenman en Zonen N.V., Wageningen x.j., 204 bls. Prys nie vermeld nie.

Met hierdie studie word sorgvuldige en noulettende aandag gegee aan John Smyth wat hier die titel kry van die stigter van die Baptisme. Hierdie werk wat 'n detailstudie is uit die engelse kerkgeskiedenis tydens Elizabeth I word in vier hoofstukke verdeel nl. De Bronnen en Werken van John Smyth; Leven en Werk in Engeland; John Smyth te Amsterdam en Dogmatiese Gezichtspunten. 'n Hele aantal Bylaes verhoog die interessantheid en bruikbaarheid van die werk.

Veral die hoofstuk oor die dogmatiese gesigspunte van hierdie Baptis, wat die Anabaptisme met sy sterk anargistiese trekke afgewys het, is van besondere belang. Hoewel sy arminiaanse en doperse leringe hom buite die raam plaas van die calvinisme en hy een van die belangrikste separatistiese figure van sy tyd is en sy invloed hoofsaaklik in die Engelse en Amerikaanse Kongregasionalistiese Kerke deurgewerk het, is en bly hierdie studie besonder interessant. Dit hoofsaaklik vanweë die feit dat heelwat van die gedagtes wat juis in die Kongregasionalisme in Suid-Afrika (wat tog maar van Engelse oorsprong was) lewe, teruggevoer kan word na Smyth.

Hierdie werkie is beslis aanbevelenswaardig.